



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

MEd (PSIG) 2025 OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE



INLIGTING:

Sien Jaarboek 2024 Deel 1 & Deel 6, of besoek die Fakulteit se webwerf

1. Die doel van die program: Sien Jaarboek 2024, p. 47-48

Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties-gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van 12 maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika (RGBSA) (Health Professions Council of South Africa – HPCSA) kan registreer.

2. Toelatingsvereistes: Sien Jaarboek 2024, p 47-48

- BEdHons in Opvoedkundige Sielkunde (dus BPsig-ekwivalent) of BEdPsig of 'n goedgekeurde graad in Sielkunde.
- Sielkunde tot op derdejaarsvlak is 'n vereiste.
- 'n Goedgekeurde onderwyskwalifikasie verwerf by 'n goedgekeurde opvoedkundige instelling van 'n erkende nasionale hoëronderrysinstelling en geakkrediteer volgens die voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op NKR-vlak 7 (byvoorbeeld NOS of BEd).
- Aangesien hierdie 'n kompeterende keuringsprogram is, kan formele deurlopende ondervinding van ten minste twee jaar binne enige aangrensende veld (bv. onderwys, maatskaplike werk, medies, gesondheidsterapieë asook berading) voordelig vir jou aansoek wees.
- 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of Sielkunde-georiënteerde vakke op honneursvlak (NKR-vlak 8).
- Indien enige ander kwalifikasies wat as 'gelykwaardig' aan bogenoemde kwalifikasies beskou word, ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.

3. Sluitingsdatum vir aansoeke: Sien Jaarboek 2024, p 47-48

30 JUNIE VAN DIE VOORAFGAANDE JAAR VAN VOORNEMENDE STUDIE

4. Keuring: Die keuringsproses vind in twee fases plaas.

Fase 1: Tydens dié fase sal aansoeke nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen. Indiening van 'n aanlyn aansoek verseker nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.

Fase 2: Die keuringsproses vir 2025 vind plaas by Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch. Kandidate wat kwalifiseer en Fase 2 van die keuring moet bywoon, sal ná Julie per e-pos ingelig word.

- Datums vir Fase 2:
Maandag, 9 September tot Donderdag, 12 September 2024.
- Dokumente soos CV's, verwysingsverslae en meer inligting sal versoek word.

5. Duur en program-aanbieding: Twee jaar voltyds

Eerste jaar: Akademiese modules en goedkeuring van die navorsingsvoorstel. Praktikum-modules, goedkeuring van die internskapprogram (inhandiging einde Julie) en voltooiing van tesis.

Tweede jaar: 'n goedgekeurde internskap van 12 maande.

Registrasie: Studente wat hierdie program suksesvol voltooi, insluitend die voorgeskrewe 12 maande internskap, en wat die Raadseksamen suksesvol geslaag het, sal in aanmerking kom om as opvoedkundige sielkundiges by HPCSA te registreer.

6. Programstruktuur: Sien Jaarboek 2024, p 47-48

7. Aansoekproses:

7.1 Aansoek aanlyn:

<http://www.sun.ac.za/afrikaans/pgstudies/Pages/How-to-apply.aspx>

Indien u enige probleme met die aanlyn proses ondervind, kontak Kliëntediens by info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7.2 Geen sig (harde) kopie-aansoeke word aanvaar nie.

8. Programkoste: Sien Jaarboek 2024

<https://www.sun.ac.za/english/faculty/education/Documents/2024-Opvoedkunde.pdf>

9. Verdere navrae oor akademiese kwalifikasies:

Me C Jordaan (cdj@sun.ac.za)

Departementele navrae:

Dr K Conradie, Programkoördineerder (karlienl@sun.ac.za) of
Me C Thom, Departementele Beampte (carren@sun.ac.za)

Belangrike RGBSA kennisgewing: Koppeling van sielkunde internskapprogramme aan akademiese opleiding

'n Besluit is deur die Professionele Raad vir Sielkunde geneem dat alle internskapprogramme in Sielkunde voortaan aan die geakkrediteerde meestersprogram akademiese opleiding gekoppel sal word. Hierdie aankondiging is aan die einde van 2023 gemaak en hoewel verskeie rolspelers in hoër onderwys nog oor sekere implikasies beraadslag, is universiteite reeds opdrag gegee om voorgestelde nuwe vereiste in Januarie 2025 te implementeer. As departement wag ons op verdere leiding van strategiese rolspelers, waarna ons moontlike aksieplanne aan ons studente sal kommunikeer. Die hoofimplikasie van hierdie besluit is dat graduering sal afhang van die voltooiing van beide die internskap- en graadkomponente van die program. Neem asseblief kennis dat die voorgestelde nuwe vereiste vanaf 2025 vir alle nuwe studente sal geld.



Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

MEd (PSIG) 2025 OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

DEPARTMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE